**VYF OPMERKINGS OP DR. WIM VERGEER SE ARTIKEL IN DIE KERKBLAD VAN APRIL 2024:**

**"Kantaantekeninge oor 1 Tim. 2:9-3:1"**

***deur S. Le Cornu.***[1]

"Die verlossingswerk van Christus hef die sondige ongelykheid op, *maar nié die skeppingsprimaat van die man nie*, *en ook nié die genadige ordereëling van God vir hierdie sondebedeling nie* (net soos die owerheidsgesag nie deur Christus opgehef is nie). … Dit is baie belangrik om daarop te let dat die apostel Paulus vir hierdie sondebedeling *hom nie beroep op konvensie nie; nie op die eietydse siening van die plek van die vrou nie* — daarvoor was die Kerk die wêreld ten ene male te ver voor! Maar hy beroep hom steeds *op God se openbaring in die begin: eerstens op die sondestraf en genadige ordereëling van God, bv in 1 Tim 2:14; tweedens op die man se Godgegewe skeppingsprimaat, bv. in I Kor 11:8,9 en I Tm 2:13. …* Die wyse waarop Paulus sy reëling hier in die Skrif self fundeer, sluit alle reg uit van enige wegredenering van I Tim 2:11-15 as sou dit 'n bloot tydgebonde reëling wees volgens eerste-eeuse sosiale praktyke." – prof. dr. JC Coetzee.

"1 Timoteus 2:9-3:1 bepaal dus nie ewiggeldende ordereëlings vir die erediens nie, maar word gegee om die hierbo gestelde godgegewe doelwit (om alle mense te red) in Efese te dien … Dit kan dus voorsien word dat Paulus hier die gelowige vroue van Efese aanmoedig om hulle ter wille van die evangelieverkondiging te skik *by voorskrifte wat in pas is met die eerste-eeuse Judaïstiese lewens en wêreldbeskouing van die omgewing waarin hulle woon*. … Indien die voorskrifte in 1 Timoteus 2:9-3:1 wel as voorskrifte vir die erediens beskou word, is die selektiewe toepassing hiervan in die Gereformeerde kerkpraktyk nie versoenbaar met die standaard van gesonde Skrifuitleg nie. … Sulke inkonsekwente Skrifverklaring en toepassing is onwetenskaplik, onaanvaarbaar en verdag. Die oorsprong hiervan rus nie in gedeë eksegese nie, maar lê dalk eerder in onbewuste sosiopolitiese angst en/of in ingeteelde patriargie. Hieroor moet ons onsself ondersoek." - dr. Wim Vergeer.

"*Agter die benadering van die Bybel as 'n tydgebonde en daarom aan kritiek onderworpe voorstelling van Gods heil en agter die siening van die gesag van die Bybel as tradisie-gesag, sit 'n bepaalde Skrifbeskouing*. Daarom is dit by die bespreking van die probleme met betrekking tot die posisie van die vrou in die kerk van die uiterste belang hoe ons die Bybel en die tekste wat spreek oor die plek van die vrou in die kerk benader." – proffs. JC Coetzee, BJ de Klerk, L. Floor.[2]

---

[1] https://proregno.com/about/

[2] Die Hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke (*In die Skriflig*, vol. 14, no. 54 (1980). Sien hier: https://indieskriflig.org.za/index.php/skriflig/article/view/760/994

**INLEIDING**

Dr. Wim Vergeer (GK Krugersdorp) het in **Die Kerkblad van April 2024** 'n artikel geskryf onder die titel, **"Kantaantekeninge oor 1 Tim. 2:9-3:1"** (bl. 22-24)

Samevattend meen dr. Vergeer:

> a) "1 Timoteus 2:9-3:1 bepaal dus nie ewiggeldende ordereëlings vir die erediens nie, maar word gegee om die hierbo gestelde godgegewe doelwit (om alle mense te red) in Efese te dien."

en hy begrond dit in die volgende stelling:

> b) "Die drie teologiese idees in 1 Tim 2:13-15 kan wel nie in die Skrif teruggevind word nie, maar uit ander bronne weet ons dat dit bekende slagspreuke van die eerste-eeuse Judaïsme was."

en is sy konklusie van ons kerke, die GKSA se verklaring van hierdie gedeelte:

> c) "Die huidige Gereformeerde standpunt oor 1 Timoteus 2:12, soos verwoord in verskeie besluite van die Sinode is …. inkonsekwente Skrifverklaring en toepassing is onwetenskaplik, onaanvaarbaar en verdag. Die oorsprong hiervan rus nie in gedeë eksegese nie, maar lê dalk eerder in onbewuste sosiopolitiese angst en/of in ingeteelde patriargie. Hieroor moet ons onsself ondersoek."

**MY SKRYWE AS ANTWOORD DAAROP IN 5 OPMERKINGS:**

'n Bietjie later meer oor die 'inkonsekwente Skrifverklaring en toepassing' waaroor ek dink dr. Vergeer 'n punt het, maar wat wel baie ***duidelik*** is, is dat dr. Vergeer in lyn met die opkoms van die "sosio-historiese" verklaringsmetode[3] van die 20ste-eeuse metode, baie duidelik:

> a) teen die gereformeerde openbaringshistoriese Skrifverklaring is (wat wel 'kultuurhistoriese' inligting nog altyd gebruik en erken het deur die eeue[4]), van die sinodes wat besluit het dat op grond van die Heilige Skrif, susters nie as predikante en ouderlinge mag dien nie, o.a. volgens 1

[3] Sien prof. Gert JC Jordaan se artikel, Gereformeerde Skrifverklaring: Openbaringshistories of Sosio-histories? https://proregno.com/2012/10/22/gereformeerde-skrifverklaring-openbaringshistories-of-sosio-histories/

[4] "Watter hermeneutiese model gaan ons gebruik? Vir my is dit die openbarings-historiese model. By ander modelle is daar die versoeking en die gevaar dat ons buite-Bybelse gegewens van maatskaplike, sosiale en kulturele of politieke aard **laat heers oor die Bybelteks**. Dat hierdie gegewens 'n **dienende** funksie het, sal niemand betwyfel nie. Maar wanneer hulle oor die teks gaan heers, **is ons nie meer op die reformatoriese pad nie**. My wens is dat ons met mekaar indringend gaan besin oor hoe ons die Bybel wil verklaar." (*Die Kerkblad*, Des 2003, p.11. beklemtonings bygevoeg.). Sien ook dr. Schalk Duvenhage se behulpsame werk oor die goeie gebruik van kultuur-historiese agtergrond studies: *Die Dekor van die Nuwe Testament: 'n Kultuur-historiese Agtergrondstudie* (Potch, Interkerklike Uitgewerstrust). Sien ook die volgende artikel: "Ons moet mooi onderskei tussen 'Die BYBEL' en 'Bybelse TYE', veral oor wat die Bybel leer van die waarde en rol van die vrou", https://proregno.com/2023/07/17/ons-moet-onderskei-tussen-die-bybel-en-bybelse-tye-veral-oor-wat-die-bybel-leer-van-die-waarde-en-rol-van-die-vrou/

Tim. 2:11-15, en ander tekste (sien al die studierapporte, hantering van beswaarskrifte, ens. in die Actas van die GKSA[5]).

b) dat hy meen die gelowiges deur die eeue, die teoloë deur die eeue, en dan veral mede-gelowiges in die GKSA wat met hom verskil oor hierdie saak, en veral die eksegese van 1 Tim. 2 en 3 die afgelope paar dekades, dat ons siening, meen hy, se "oorsprong hiervan rus nie in gedeë eksegese nie, maar lê dalk eerder in onbewuste sosiopolitiese angst en/of in ingeteelde patriargie."

Ek is dankbaar vir die openhartigheid waarmee dr. Vergeer skryf, en dat hy meen dat na 2000 jaar het hy uiteindelik by die betekenis van sekere tekste gekom. Alles wat hy skryf in sy artikel roep uit hoe ver hy verwyder is van die Skrifbeskouing en Skrifgesag siening van ons kerke, en die gereformeerde belydenis en kerke deur die eeue.

Dr. Vergeer noem in die begin van sy artikel hoe elke gelowige, en dus nie net teoloë en kerkrade en meerdere vergaderings nie, dit vir hulle inderdaad moet uitmaak wat leer die Here oor die VIDA saak. Ons kan almal daaroor volkome saamstem, die oproep van Hand. 17:11 beginsel is vir alle tye en gelowiges en kerke.

Dit was juis 'n 'gewone' maar baie ernstige mede-lidmaat wat jare gelede vir my gevra het of VIDA, of hierdie 'kerkregering saak', hierdie dankbare gehoorsaamheid saak nie ten einde ons verlossingsaak ook gaan begin aanraak nie?

Dus, hoe langer jy torring en nie wil buig aan wat daar **duidelik** staan,[6] en dit 'sosio-histories' wil gaan begin weg- 'eksegetiseer' met 'moderne ontdekkings en tegnieke' oor "*hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid*" (1 Tim 3:15), dus ook aan 'wie in die besondere ampte mag dien', die kerkregering van Christus as Koning van die kerk, dan gaan dit ten einde ook ander belangrike wesentlike sake begin raak, en gaan die twyfel en onsekerheid nog verder gesaai word, weens die onderliggende Skrifbeskouing en Skrifgesag vraagstukke

[5] https://gksa.org.za/. Sien ook hierdie werkstuk oor die 'vrou in die amp' in die sinode handelinge van 1988, 2003 en 2006: https://proregno.com/wp-content/uploads/2012/11/werkstuk-oor-vrou-in-die-amp3.pdf

[6] Sien proffs. JC Coetzee, BJ de Klerk, L. Floor se artikel en aanhaling hierbo op bl. 1. Verder: "Ons glo nie dat enige Gereformeerde vrou teen die **duidelike** uitsprake van die Woord van God in verset wil kom nie. Selfs deur die feministiese praktyke van ons dae sal sy haar nie uit haar koers laat dryf nie." (Totius, Versamelde Werke, deel 3, 1977: 197; kursief bygevoeg). Sien: https://proregno.com/2014/10/07/sola-scriptura-seminaar-2014-lesings-is-manlike-ouderlingskap-n-kernsaak/

wat onderliggend is aan daardie getorring, wat die gesag van die Skrif, kwessies van skeppingsorde oor man en vrou, ook in ons tye, in wese aantas.[7]

Ek wou self eers ook mooi die duidelike onderskeid handhaaf, maar dit is al meer duidelik dat ons verskil al vir dekades nie net oor 'gehoorsaamheid' sake nie, maar, soos dr. Vergeer se artikel openbaar, en om sy eie woorde te gebruik, dit lyk 'eerder' opnuut dat ons wesentlik verskil oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Skrifgebruik en toepassing, en ten einde gaan die "sosio-historiese" herinterpretasie van die Here se bevele, ook lei dat ons nou ander uitsprake van Paulus se geïnspireerde brief moet begin bevraagteken…

… maar is daardie verlosingswoorde, is daardie evangelie woorde van Paulus, bv. 1 Tim. 1:15 nie ook net tydelik gewees nie, dalk 'n tydsgebonde 'messias kompleks van die eerste-eeuse kerk se gemeente teologie nie'?, en dus nie – om dr. Vergeer se eie woorde te gebruik – is die evangelie self dalk nie 'ewigdurende' waarhede vir alle tye, mense, plekke nie, maar 'tydsgebonde'?

Ek ondersteun ten volle dr. Vergeer se finale woorde in sy artikel, wat alle gelowiges en alle kerke en alle kerklike vergaderinge lewenslank moet doen: "Hieroor moet ons onsself ondersoek", wat geld vir ons almal, Hand. 17:11, en daarom doen ek 'n beroep op hom en almal wat sy standpunt oor VIDA volg, om dit ook saam met ons te doen, soos wat ek graag wil doen met my bydrae hier onder as antwoord op sy artikel (Matt. 7:12):

Ek wil aantoon wat ek hierbo vermeld, deur dr. Vergeer se artikel volledige hier onder te plaas, en dan met my eie 5 opmerkings daarop te antwoord tussen sy artikel. Mag ons elkeen afsonderlik, en inderdaad ja, die hele kerkverband, in lyn met dr. Vergeer se oproep (sien sy laaste twee sinne in sy artikel), dat ons ons hieroor moet ondersoek, of al die onrus en onenigheid in ons kerkverband oor VIDA, **nie juis veroorsaak word deur 'n Skrifbeskouing en eksegese wat eerder in 'n 'onbewuste' en 'ingeteelde' 20/21ste feministiese anti-God se skeppingsorde sy oorsprong het nie?**

Ja, ons moet heeltyd reformeer, ook alle vorme van misbruike teen enige man, vrou en kind, maar volgens die Skrif, nie die anti-vroulike feministiese òf anti-manlike chauvinistiese tydsgees nie, maar deur die werk van die Gees wat volgens en deur sy Woord werk, Matt. 4:4; 2 Tim. 3:14-2 Tim. 4:5.

---

[7] Sien die volgende artikel: "Na GKSA Algemene Sinode 2023: Luister opnuut na die profetiese woorde van dr. Jac Howell in 2012", https://proregno.com/2023/02/17/na-gksa-algemene-sinode-2023-luister-opnuut-na-die-profetiese-woorde-van-dr-jac-howell-in-2012-en-bekeer-en-reformeer-oor-vida-sake/

Nota: my artikel as antwoord is nie bedoel om 'n volledige verklaring van die bepaalde teksgedeelte (1 Tim. 2:9-3:1) en onderwerp te wees nie (sien hier onder vir die pastorale briewe kommentare en bronne wat ek aanbeveel), maar beperk ek my, op grond van dr. Vergeer se artikel, tot die volgende vyf opmerkings:[8]

**KANTAANTEKENINGE OOR 1 TIMOTEUS 2:9-3:1**

deur dr. Wim Vergeer (Krugersdorp)

**DR. VERGEER SKRYF:**

*"As vrug van die Reformasie bestaan die kosbare Gereformeerde tradisie dat gewone lidmate ook self die Bybel kan lees en verklaar. Die bekende Statenvertaling het dan ook in opdrag van die Sinode van Dordtrecht met kantaantekeninge verskyn om lidmate hierin te help. Dirk Postma vra in sy Handleiding voor de Godgeleerdheid (1875:40) of gewone lidmate ook 'n oordeel mag vel oor die betekenis van die Skrif, en sê: "Hij mag niet alleen, maar word als redelijke wezen daartoe van God verplicht."*

*Gereformeerde lidmate het dus ook die roeping om hulle uit die Skrif te verantwoord oor die vraag of vroue as diaken, ouderling of predikant mag dien. Die besluite hieroor kan nie sonder meer maar net aan dominees wat van die kansel af uitsprake maak of aan kerklike vergaderings oorgelaat word nie.*
*Indien daar verskille is, meen Postma (1875:42-43) berus die finale besluit nie by 'n enkele persoon (soos die pous) nie, maar ook nie by kerklike vergaderings nie. Kerklike vergaderings het al te dikwels verkeerde besluite geneem (bv. met die ter doodveroordeling van Jesus en die uitbanning van Luther). Die finale oordeel lê volgens hom (1875:44) by die Heilige Gees wat deur die Woord werk. Gewone lidmate moet dus deur die Heilige Gees en die Woord oortuig word. In hierdie lig bied ek op versoek 'n paar (geensins volledige) kantaantekeninge by 1 Timoteus 2:9 – 3:1 met die bedoeling om te getuig oor wat ek meen daar geskryf staan. Dit is die Gees wat moet oortuig."*

**OPMERKING 1a**: Dr. Vergeer verwys na die bekende Statevertaling (1637)[9] met kanttekeninge,[10] wat 'n vrug was van die nog meer bekende Dordtse Sinode (1618/19), en natuurlik deel van die reformatoriese erfenis van ons kerke en volk in SA, vanaf die volksplanting in 1652. Wat insiggewend is dat na dekades se

---

[8] Sien op my blog 'n samvattende oorsig, d.w.s. 'inhoudsopgawe' van my artikel wat hier volg: https://wp.me/pM9VW-3jd

[9] https://statenvertaling.nl/

[10] Aanlyn hier in Engels en Afrikaans beskikbaar: https://bijbel-statenvertaling.com/statenvertaling/genesis/1/#1. Daar word tans gewerk aan 'n Afrikaanse weergawe, hou hierdie spasie dop: https://bybelmetkanttekeninge.co.za/

aanhoor van die Arminiaanse dwalinge om hulle te probeer oortuig vanuit die Skrif, het die sinode geëindig:

- nie met 'n "ons kan nie bindende besluite oor 'n saak neem as almal in die sigbare kerk of vergadering kop-vir-kop nie instem met wat die Skrif leer oor 'n bepaalde saak nie",
- of het hulle maar die Armiaanse dwaling gaan akkommodeer en verdra in die gereformeerde kerkverband destyds nie,

maar het hulle ten einde die Dordtse Leerreëls daargestel as 'n samevatting van ***wat die Skrif leer***, en daarom bindend, en nie omdat die sinode van Dordt as kerklike vergadering dit besluit het nie, dus juis omdat die Heilige Gees hulle deur die Woord oortuig het (lees gerus die voorwoord en Besluit in die nuutste Psalmboek). Die einde was, dat die Arminiane uit die vergadering uitgestuur is omdat hulle volhard het in hul dwalinge en nie wou bekeer het nie (sien 1 Tim. 6:3-5).[11]

**<u>OPMERKING 1b</u>**: Terwyl dr. Vergeer verwys na die Statevertaling, kom ons kyk na 'n paar kanttekeninge van die Statevertaling, oor 1 Tim. 2:9-3:1 (beklemtonings bygevoeg hier en verdere aanhalings in my artikel):

**INLEIDING OP 1 TIMOTHEUS:**

> "In het tweede hoofdstuk vermaant hij hem, dat ***in de gemeente*** openlijk zal gebeden worden voor koningen en allen die in hoogheid zijn, en stelt een gemenen regel, naar denwelken zowel de mannen als de vrouwen ***in de publieke vergaderingen*** zich moeten gedragen. In het derde hoofdstuk stelt hij de regels voor, naar welke de beroeping ***der kerkendienaren en diakenen*** moet gericht worden."[12]

1 Tim. 2:8*, "Ik wil dan dat de mannen bidden (18)in alle plaatsen, opheffende heilige handen zonder toorn en twisting."*

> **<u>Kanttekening 18</u>**: "Dat is, niet alleen te huis, en in het bijzonder, ***maar ook in de vergaderingen der gemeente***, waar die ook geschieden. En dit stelt Paulus hierbij, omdat in het Oude Testament de gebeden aan den tempel te Jeruzalem meest gebonden waren, hetwelk ten tijde des Nieuwen Testaments in alle plaatsen zonder uitzondering geschieden mag, naar de voorzegging Mal. 1:11. Joh. 4:21. Zie ook Matth. 18:19, 20."[13]

1 Tim. 2:9*, "Desgelijks ook dat de vrouwen in een eerbaar gewaad met schaamte en matigheid zichzelven versieren, niet in (23)vlechtingen des haars, of goud, of parelen, of kostelijke kleding."*

---

[11] Sien: Is die Dordtse Leerreëls1 nog enigsins van betekenis vir ons tyd? https://proregno.com/wp-content/uploads/2024/05/nr.4-dordtse-leerreels.pdf

[12] https://bijbel-statenvertaling.com/statenvertaling/1-timotheus/inleiding/

[13] https://bijbel-statenvertaling.com/statenvertaling/1-timotheus/2/#8

**Kanttekening 23**: "**Niet** allerlei vlechting des haars of aandoen van goud of parelen ***worden hier verboden***, gelijk te zien is Gen. 24:22, 53. Ex. 35:22. Spr. 31:22. Luk. 15:22, maar die strekken tot hovaardij, lichtvaardigheid, onmatigheid, of ergerlijke oppronkingen van de lichamen der vrouwen tegen of boven haar staat en beroep. Zie Jes. 3:16, enz. 1 Petr. 3:3, enz."[14]

1 Tim. 2:12, *"Doch ik laat de vrouw niet toe (25)dat zij lere, noch over den man heerse, maar wil dat zij in stilheid zij."*

**Kanttekening 25**: "Namelijk anderen, ***in de openbare vergaderingen***, gelijk Paulus uitdrukt, 1 Kor. 14:34. Anderszins mogen ook de vrouwen haar kinderen te huis onderwijzen, gelijk de moeder van Salomo doet, Spr. 31:1, ja, zelfs ook wel anderen, wanneer de nood of stichting zulks vordert. Zie 1 Sam. 25:24. Hand. 18:26, enz."[15]

1 Tim. 2:15, *"Doch zij zal zalig worden (28)in kinderen te baren, zo zij blijft in het geloof, en liefde, en heiligmaking, met matigheid."*

**Kanttekeningen 28** "Alzo wordt het Griekse woord **dia** ook voor **in** genomen, Rom. 4:11 en elders. De zin is, dat hoewel het baren van kinderen met smart de vrouwen tot een straf is opgelegd, hetzelve nochtans haar zaligheid niet zal hinderen, zo zij blijven in het geloof, enz."[16]

**1 Tim. 3:1,** *"DIT is een (1)getrouw woord: zo iemand tot (2)eens opzieners ambt lust heeft, die begeert een treffelijk werk."*

**"Kanttekening 1:** Of: **gewis**, **geloofwaardig**, **zeker**.
**Kanttekening 2: "***Gr.* **episcopes**, waarvan het woord **episcopus** of **bisschop** komt; waardoor alle opzieners en leraars ***der gemeente*** zonder onderscheid worden verstaan, gelijk hierna uit de volgende beschrijving blijkt, alsook uit de vergelijking van andere plaatsen. Zie Hand. 20:17, 28. Filipp. 1:1. Tit. 1:5, 7, enz."[17]

DUS, die Statevertaling se kanttekening verwerp eksplisiet dr. Vergeer se moderne bewerings dat 1 Tim. 2 niks te doen het met die eredienste en gemeente nie, inteendeel, dit het veral met dit te doen, die konteks van alles wat volg in hoofstuk 3 en die res van die pastorale briewe wys dit ***duidelik*** uit. Die argument of vraag is eerder: hoe raak wat eksplisiet duidelik geld in 1 Tim. 2:8-3:1(ev.) ook die res van ons lewens, elke verhouding en instelling in die ganse lewe, dit is wat ondersoek moet word en ja, opvolgende sinodes van die GKSA kan daarop uitbrei om daardie studie verder te doen, eerder as om aan te hou karring aan wat reeds, ***volgens die Skrif***, besluit is.

[14] https://bijbel-statenvertaling.com/statenvertaling/1-timotheus/2/#9
[15] https://bijbel-statenvertaling.com/statenvertaling/1-timotheus/2/#12
[16] https://bijbel-statenvertaling.com/statenvertaling/1-timotheus/2/#15
[17] https://bijbel-statenvertaling.com/statenvertaling/1-timotheus/3/#1

**OPMERKING 1c**: Nog 'n gereformeerde vader wat dr. Vergeer vermeld voor hy met sy nuwe eksegese kom van 1 Tim. 2 en 3, is prof. Dirk Postma, wat leiding geneem het in die herstigting van die GKSA in 1859 (sien: **Professor Dirk Postma (1818-1890**)

In kontras met dr. Vergeer se 'sosio-historiese' benadering wat 'agter' die teks iewers in die geskiedenis die ***sleutel*** soek van wat daar nou 'eintlik' staan in 1 Tim. 2 en 3, vind ons by Postma die volgende:

> "Postma glo dat die sin van die Skrif is wat **"de Heilige Geest daarin *bedoelt*"** (en dus is die sleutel nie wat die sosio-historiese konteks bepaal of 'eerste hoorders' verstaan het nie, maar 'Gees en Woord'). Verder verklaar Hy dat die Skrif homself nie weerspreek nie, want "Gods woord (is) *eenvoudig* en zonder dubbelzinnigheid. Trouwens dit kan men van de goedheid Gods ook niet anders verwachten." Postma glo dat ons die Skrif ook moet sien in sy logiese afleidings: "Vr. 87. Mag en moet men soms ook den zin opmaken bij gevolgtrekking? Ant. Ongetwijfeld, dit heeft de Heere Jezus zelf ook gedaan, als de bekwaamste Logicus (redeneerkundige), … (Matt. 22: 29-32) … op diezelfde wijze betoogt ook Paulus, bij gevolgtrekking, de opstanding der geloovigen (1Kor.15:12,13)."[18]

Inderdaad kan, soos dr. Vergeer tereg vermeld, kerklike vergaderinge, maar ook individuele gelowiges verkeerde eksegese doen, en inderdaad is die Gees wat deur sy Woord spreek die hoogste en finale gesag waaraan ons ons bind, afsonderlik en saam (NGB art. 2-7). Maar dit beteken dus ***ook*** dat individuele gelowiges en kerklike vergaderings ook regte, dus Skriftuurlike besluite op grond van bybelse eksegese kan neem, en dan is dit bindend ***o.g.v. die Skrif***, nie omdat die sinode opsigself of 'n ander meerdere vergadering dit geneem het nie, en dan moet ons ons onderwerp daaraan. Dink maar aan die gebeure van Hand. 15, die sinode van Dordt se Skriftuurlike regte besluite teen die dwalinge van die Arminiaane en semi-Pelegiaane van hul dag. As die sinode van Dordt moes wag tot elkeen kop vir kop instem, sou ons ooit die Dordtse Leerreëls gehad het, of enige ander belydenisskrif, of enige ander bindende besluit, ogv die Skrif?

Postma self het byvoorbeeld die destydse Ned. Herv. Kerk se bindende besluite oor Gesange wat nie getoets is nie, saam met ander leerdwalinge, in stryd met Skrif volgens NGB art. 29 beskou, maar daarteenoor juis leer, diens en tug besluite wat op grond van die Skrif gehandhaaf word as bindend beskou vir alle gemeentes en lidmate, soos gesien kan word in die GKSA se geskiedenis daarna tot vandag toe (sien Acta's van GKSA)[19], soos prof. van der Vyver beskryf.[20]

---

[18] https://proregno.com/2010/07/21/n-paar-teologiese-opvattings-van-dirk-postma-1818-1890/

[19] https://gksa.org.za/

[20] ibid., "Op albei die vrae het hy in 'n brief, 3 Desember 1859,336 geantwoord. Wat die vraag oor die valse kerk aanbetref, verwys Postma na die besluit van 11 Januarie 1859 waaraan na sy oortuiging 'n "verkeerd beginsel" ten grondslag gelê het, nl. "eigengoeddunken boven den Bijbel hetwelk is tegen den Bijbel." Daarom dat hy in die vergadering verklaar het "dat bij zulk een

**DR. VERGEER SKRYF VERDER:**

*1. Die voorskrifte aan vroue in 1 Timoteus 2:9-3:1 hang nie in die lug nie. Hulle vloei voort uit Paulus se uitspraak in 2:3 dat God wil dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom. Paulus wil homself en die gelowiges van Efese (62-63 nC) hieraan diensbaar stel (2:5-7).*

*• Dit is met hierdie doelwit in die oog dat Paulus dan in vers 8 sê: "Ek wil dus hê ...", en dan volg die opdragte aan mans (2:8), en daarna "net so ook ...", en dan volg die opdragte aan vroue (2:9-3:1).*

*• Verantwoordbare eksegese verstaan dus dat die voorskrifte in 1 Timoteus 2:8-3:1 daardie spesifieke gedrag aandui waardeur gelowiges die verspreiding van die evangelie in Efese kan bevorder.*

*• So wil Paulus vir die Jode 'n Jood en vir almal alles word om in elk geval sommiges te red (1 Kor. 9:19-23).*

**OPMERKING 2**: Dit is inderdaad so, dit word nie betwyfel nie, ons glo die briewe van Paulus ***is tydsgerig, maar nie tydsgebonde nie***.[21] Paulus wil dat ons hele lewe en al ons verhoudings, 'binne en buite die kerk', die Here se evangelie diensbaar sal wees, maar waarom wil dr. Vergeer dit beperk tot net die besondere taak en roeping van evangelie-verkondiging, of nog duideliker gestel, 'n wig probeer indryf tussen die bediening van die evangelie, en die kerkregering wat daarvoor in diens is (1 Tim. 2:12-3:12; sien die opstelling van die kerkorde, die dienste en vergaderings is in diens van die evangelie)?

Laasgenoemde, die kerkregering en orde, moet ook soos ons persoonlike lewens van broers en susters en onderlinge verhoudings (2:8-9), alles in diens staan van die Here se evangelie bediening in hierdie wêreld, volgens wat Hy leer deur sy dienskneg Paulus (1 Tim. 1:1; sien 1 Kor. 6:12 en 40b). Soos dr. Petrus Venter

---

besluit de paus geboren wordt al is hij dan nog maar klein en zwak." Onder die besluit het hy uittrede as "wettig, eerlijk en pligtmatig" beskou. Maar, so gaan Postma verder, "om haar nu (kursivering in oorspronklike) echter in statu quo voor eene valsche Kerk te verklaren, daartoe gevoelen wij ons nog niet (kursivering in oorspronklike) geroepen. Gaat zij zoo voort, dan zeker zal dat karakter niet uitblijven, maar duidelijk voor den dag treden. Maar nu toonen wij nog maar altoos, dat zij dwaalt en waarschuwen voor ergere gevolgen." Uit hierdie hoogs belangrike uitspraak van Postma is dit baie duidelik dat hy in persoon, die Ned. Herv. Kerk van Transvaal tydens die afskeiding nie as 'n valse kerk beskou het nie. In die besluit waarin "de paus geboren" is, het hy wel [252] 'n sterk element van die valse kerk bespeur na aanleiding van Art. 29, Ned. Geloofsbelydenis: 'Wat die valse Kerk betref, dit skryf aan homself en sy ordinansies meer mag en gesag toe as aan die Woord van God en wil hom aan die juk van Christus nie onderwerp nie.' Op grond dan van die gewetebindende besluit van 11 Januarie 1859 het hy 'n afskeiding as "wettig, eerlijk en pligtmatig" beskou."

[21] "Gereformeerde teologie gaan van die standpunt uit dat God die Bybel op 'n organiese manier geïnspireer het. Die Bybel is naamlik 100% deur mense geskryf wat deur die Heilige Gees geïnspireer is. Dit is dus 100% die Woord van God (Coetzee 1990:19). Die gereformeerde standpunt oor die inspirasie van die Skrif hou in dat die teks van die Bybel soos dit oorgelewer is, nie telkens in 'n nuwe bedeling verander word nie. Die Bybel is nie tydsgebonde nie, maar wel tydsgerig. Dit beteken dat die openbaring telkens in 'n bepaalde konteks toegepas word. In die postmoderne hermeneutiek bepaal die leser egter wat die teks wil sê (Horton 2000:68) en kan die teks dus telkens verander of herinterpreteer word. Verder is daar geen vaste reëls nie (Janse van Rensburg 2000:2)…. Die Woord van God hou verband met die tyd en situasie waarin dit gespreek is, maar is nie aan daardie tyd gebind nie. Die Bybel is naamlik nooit tydsgebonde nie, maar altyd tydsgerig (Coetzee 1990:30)." Sien hier: https://indieskriflig.org.za/index.php/skriflig/rt/printerFriendly/1686/2286

dit duidelik stel in sy artikel in Die Kerkblad,[22] is dit ***ook*** wesentlik belangrik om 1 Tim. 2:11-3:1(ev) te verstaan, deur te wys dat die 'kerk van die Here is … huisgesin van God' met verwysing na 1 Tim. 3:15: "… die **sentrale** gedagte in van Paulus se laaste briewe laat hieroor ***geen twyfel*** nie. 1 Tim 3:15 spreek in al ons vertalings ewe ***duidelik***."

Dus, ons evangelie roeping (1 Tim. 1:15-2:9, dus ons huisgesinne en kerkgesinne in diens van die evangelie (1 Tim. 2:11-3:12 en verder), is ***albei*** belangrik en deel van die openbaringshistoriese konteks van 1 Tim. 2:9-3:1. Dit blyk dat dr. Vergeer dit wat volg na 1 Tim. 3:1 bloot ignoreer of nie verreken in sy 'verantwoordbare eksegese', van 1 Tim. 2:11-3:1 nie, hoekom?

Kyk hoe treffend word die 'evangelie' en die 'kerkregering' volgens God se Woord saam gelyk gehandhaaf in 1 Tim. 3:14-16, die '*gedra* in die huis van God, wat die *gemeente* is van die lewende God' juis saam en in diens van die 'evangelie', saamgevat in die woorde van 16, 'God is geopenbaar in die vlees…'

Totius merk onder andere die volgende hieroor op in sy sinodale openingswoord in 1945 met verwysing na 1 Tim. 3:14-16:

> "Paulus sê: Ek skryf jou "hierdie dinge" (1 Tim. 3:14), d.w.s. die dinge wat in hfst. 2 en 3 ter sprake was. En wat is dit? ***In hfst. 2 die samekomste van die gemeente en in hfst. 3 die vereistes tot die amp van ouderling en diaken, in een woord: "Hoe iemand hom moet gedra in die huis van God"***, hetsy gemeentelid of ampsdraer. …
>
> Van hierdie "broeders en vriende' (Ps. 122:8) spreek Paulus in ***duidelike*** bewoordinge, ***want hy handel oor die samekomste en oor die ampte wat daarin moet funksioneer***. In plaaslike samekomste – so tree die kerk in die nuwe bedéling na buite op. … ***Dit bly maar altyd "broeders en vriende", aangesien ook die kerkraad nie 'n heersende mag is nie maar 'n dienende***. Jesus se grondleggende woord is baie duidelik: "*Een is julle leermeester, Christus, en julle is almal broeders*" (Matth. 23:8). "*Die oudste onder julle moet word soos die jongste, en wie 'n leier is, soos een wat dien*" (Luk. 22:26). 'n Dienende leierskap is vir ons geen paradoks, geen wonderspreuk nie….
>
> Ek kom met nog 'n eenvoudige waarheid en lê op hierdie twee grondstellinge nadruk, omdat 'n gesonde ontwikkeling van die kerk daarvan afhanklik is. ***Dit is dan ook 'n dwaling om te sê dat dit op die kerkinrigting nie sodanig aankom nie, as die evangelie maar gepredik word***. Paulus het nie verniet sy brief aan Timotheüs geskrywe nie.
>
> ***Ons konfessie handel dan ook nie oor die diepste wese van die kerk nie, maar ook oor die regering van die kerk*** (vgl. Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 27-32, en Heidelbergse Kategismus, Sondag 31). Ons Konfessie sê dit nadruklik dat daar 'n Raad van die kerk moet wees om "deur hierdie middel die ware godsdiens te onderhou en te sorg dat die ware leer sy loop kan hê" (NGB art. 30). Dit is dan ook 'n verblydende teken dat meer en meer gevra word, ook buite ons

[22] "Is die kerk regtig God se huisgesin? … waar die man hoof moet kan wees?...", bl. 20-21.

kring, na die ***Skriftuurlike beginsels van kerkregering en die regte toepassing daarvan.*** As gepoog word om eenheid in belydenis tot openbaring te bring, moet die kerkregering nie die mure van skeiding al hoër en hoër optrek nie."[23]

**KONKLUSIE VANUIT OPMERKING 2:**

Ware 'verantwoordbare eksegese' neem die volle openbaringshistoriese konteks van 1 Tim. 2:9-3:1 in ag, beide wat voorafgaan en wat volg, soos die Gees ons deur sy hele Woord leer, wat gereformeerdes deur die eeue in navolging van die Skrif bely het: die Skrif *alleen*, en die *hele* Skrif moet homself verklaar, dus, deur Skrif met Skrif te vergelyk.[24]

**DR. VERGEER SKRYF VERDER**:

*"2. Die woorde "by elke plek van samekoms" (2:8) en "in die erediens" (2:11) wat in die 1983-vertaling staan, kom nie in die Griekse grondteks voor nie (vgl. die 1933/53- en 2020-vertaling), maar is invoegings deur die vertalers wat meen dat dit hier om ere diensvoorskrifte gaan.*

*• Dit is egter duidelik uit die voorskrifte self dat hulle op die algemene lewe afgestem is. Die "onmin en twis" (2:8) waarvan die gelowige mans vry moet wees, vind in die al gemene lewe plaas, en so ook die "goeie werke" waarmee die vroue hulle moet versier (2:10). Vroue se volharding in geloof, liefde en 'n heilige lewe, en hulle redding deur moederskap (2:15) vind eweneens nie in die erediens plaas nie.*

*• 1 Timoteus 2:9-3:1 bepaal dus nie ewiggeldende ordereëlings vir die erediens nie, maar word gegee om die hierbo gestelde godgegewe doelwit (om alle mense te red) in Efese te dien."*

**OPMERKING 3a:**

Dit is inderdaad 'duidelik' dat die 1983-vertaling as't ware parafraseer met woorde soos 'samekoms' (2:8) en 'erediens' (2:11), wat nie beteken dit is verkeerd nie, maar wel meer interpretasie as vertaling, die groot vraag is egter: is die vertaling of verklaring in die betekenis van die woorde 'elke plek' reg of verkeerd?

---

[23] https://proregno.com/2023/04/13/totius-oor-die-wese-van-kerk-wees-die-verborgenheid-van-die-godsaligheid-waaroor-ons-bly-is-1-tim-316/

[24] "*Scripturam ex Scriptura explicandam esse*: Scripture is to be explained from Scripture; one of several forms of a maxim employed by both Lutheran and Reformed orthodox to indicate the normative authority and self-authenticating character of Scripture over against the Roman Catholic contention that the church has absolute authority to explain the text. The orthodox grant that Scripture cannot be interpreted outside of the church, but they insist that the authority of the church derives from Scripture and not the authority of Scripture from the church's testimony. Since Word, as such, is authoritative and effective, it must be its own standard of interpretation. Other versions of the maxim include the following: Scriptura Scripturam interpretatur; Scriptura seipsam interpretatur; Scriptura sui interpres." (Muller, Richard A. *Dictionary of Latin and Greek Theological Terms: Drawn Principally from Protestant Scholastic Theology* (p. 328). Baker Publishing Group. Kindle Edition.)

Wat egter vreemd is, dat dr. Vergeer dogmaties wil beweer dat 'elke plek' (Grieks: *pant topoi*) *net* kan beteken of wys op voorskrifte vir die 'algemene lewe' en nie of, of ook en dalk nog meer verwys na 'eredienste', 'samekomste', 'plekke van aanbidding' nie?

Deur bloot te doen wat by opmerking 2 reeds vermeld is (Skrif met Skrif te vergelyk, in die onmiddellike konteks, die pastorale briewe, en openbaringshistoriese konteks van die hele Skrif), dan sal 'verantwoordbare eksegese' van '*pant topoi'* baie duidelik toon dat 'elke plek' ***ook*** kan en moet verwys na besondere en spesifieke 'plekke van aanbidding, eredienste, samekomste', dus, wat ons sal noem 'kerk hou', ens. Daarom is, alhoewel ek verskil met die 1983 se vryer vertaalmetode, hul 'samekoms' (2:8) en 'eredienste' ('eredienste') nie verkeerd en in stryd met die betekenisveld- en moontlikhede van 'elke plek' nie.

Hier is 'n paar voorbeelde wat dit uit die Skrif ***duidelik*** aandui, let op hoe die 'plek' (topos) en 'aanbidding' (en in sommige plekke 'gemeente') duidelik verbind word met mekaar:

> "Ons vaders het op hierdie berg **aanbid**, en julle sê dat die ***plek*** (topos) waar ons behoort te ***aanbid***, in Jerusalem is." (Joh. 4:20; sien ook 14:2; 18:2)
>
> "PAULUS, 'n geroepe apostel van Jesus Christus deur die wil van God, en die broeder Sósthenes, aan die ***gemeente*** van God wat in Korinthe is, aan die geheiligdes in Christus Jesus, die geroepe heiligdes, saam met almal wat die Naam van onse Here Jesus Christus in ***elke plek*** (*panti topoi*) aanroep, hulle sowel as onse *Here"* (1 Kor. 1:1-2)
>
> "En toe hulle gebid het, is die **plek** (topos) geskud waar hulle saam was (*synogo = waar hulle vergader het om te aanbid, 'eredienste' te hou in sy primitiewe vorm, sien dieselfde woord by Hand. 2:25; 14:27; 15;6; 20:7-8; 1 Kor. 5:4; en veral Hebr. 10:25*), en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek." (Hand. 4:31; sien v. 23)
>
> "En hulle het valse getuies laat optree om te sê: Dié man hou nie op om lasterlike dinge te praat teen hierdie ***heilige plek*** (*topou hagiou*, naamlik die tempel, wat 'n plek van 'gebed en aanbidding' is, Joh. 2:19-22; Matt. 24:15; 26:61; Markus 11:17) en die wet nie. Want ons het hom hoor sê: Hierdie Jesus, die Nasaréner, sal hierdie plek afbreek en die sedes wat Moses aan ons oorgelewer het, verander." (Hand. 6:13–14)
>
> "Maar toe die sewe dae byna verby was, het die Jode van Asië hom in die **tempel** gesien en die hele skare oproerig gemaak en die hande aan hom geslaan en geskreeu: Israeliete, help! Dit is die man wat oral aan almal dinge leer teen die volk en die wet en ***hierdie plek*** (*topou toutou*). Hy het ook nog Grieke in die **tempel** gebring en hierdie ***heilige plek*** (*hagion topon*) ontheilig." (Hand. 21:27–28)

**OPMERKING 3b:**

Vanselfsprekend het die vroeë eerste-eeuse kerke nog nie mooi kerkgeboue gehad nie, maar die aanbidding op 'elke plek' was reeds daar, of dit nou 'n huis was of 'n bo-kamer of ander plekke van vergadering, om saam wees.

So, juis in aansluiting by dr. Vergeer se kantaantekening dat die evangelie verkondigingsdoel van 2:1-8 verreken moet word, asook in aansluiting by wat reeds in opmerking 3a vermeld word, moet 'elke plek' (*pant topoi*) van 1 Tim. 2:8 juis openbaringshistories en heilshistories gesien word in terme van ***uitbreiding*** van aanbiddingsplekke, van wat ons noem 'eredienste en samekomste', dus van eers onder een volk (Israel) waar die bepaalde plekke van aanbidding was (Ex. 35:11; 40:34-35; Lev. 1:1; Num. 4;30. 9:15; 18:2) nou ***na alle volke op 'elke plek'*** en onder alle mense en volke.

Dus juis wat 1 Tim. 2:1-5 leer, dat alle soorte mense gered word, dit is nou nie meer beperk tot een volk soos in die OT bedeling nie, dus nie net 'gewone mense' of 'gewone' mans en vrouens nie (1 Tim. 2:8,9), maar ook 'konings en almal wat hooggeplaas is' moet voor gebid word om gered te word en hul ampstake tot eer van God te doen.[25] Die baie belangrike 'allerwydte' uitsprake van Paulus se oproepe moet juis hier raakgesien word, wat alles die evangelie moet dien deur die ganse lewe, wesentlik in die gesin en gemeente verhouding, sien dr. Kempff se verklaring in die voetnota, dit is geen Arminiaanse 'alle' mense kop-vir-kop nie, maar alle soorte mense van alle range en stande, van alle volke, ens.[26]

---

[25] Sien Calvyn se kommentaar op hierdie gedeelte, 1 Tim. 2:1-8, veral oor verse 1-4.

[26] "Die slaanhou van hierdie Skrifgedeelte sal nooit goed besef word nie as ons miskyk hoe baie die woord *alle/almal* daarin voorkom — in die oorspronklike nog meer as in Afrikaans. Let maar op die volgende:

- In eerste plek (eerste van almal — in Grieks).
- Alle mense (1Tim 2:1).
- Almal hooggeplaas (1Tim 2:2).
- Alle mense gered word (1Tim 2:4).
- Losprys vir almal (1Tim 2:6).
- Manne moet op *elke* plek bid (1Tim 2:8).

Hierby moet op twee sake gewys word:

- Daar is mense wat die inhoud van hierdie en ander Skrifdele só vertolk in dié sin dat uiteindelik *alle mense* gered word: 'n universele verlossingsleer. Dit is dan in stryd met wat die Skrif elders stel oor die uitverkiesing van mense deur God en dat alleen dié wat glo die verlossing verkry. Kan ons so iets uit hierdie Skrifdele aflei?
- Nee. Elders spreek die Skrif duidelik dat alleen dié wat die lewensband met Christus het, ingaan in God se koninkryk. Verder is die Griekse taalgebruik in hierdie Skrifdeel so dat ons dit moet lees as: ***allerlei soorte mense***, en nie net dié wat hulleself beter ag of op die voorgrond stoot nie.
- Die klem op die *almal* staan ***in skerp kontras met Joodse eksklusivisme*** — om die heil van God net tot hulle eie volk te wil beperk (kyk 1Tim 2:3-4). Daarom die klem op één God en één Middelaar. Want as daar geen ander God en geen ander pad van verlossing bestaan nie, moet alle mense hulle voor dié God stel en rekenskap gee. Skeidslyne ten opsigte van verlossing bestaan nie — Jode en Grieke of heidene, almal (in óns omstandighede: Blank en Swart) kan net verlos word deur die kruis en leë graf

Calvyn se verklaring van ‘elke plek’ by 1 Tim. 2:8, met verwysing na 1 Kor. 1:1,2 vat dit goed saam:

> “In every place: This expression is of the same import as in the beginning of the First Epistle to the Corinthians, "with all that ***in every place*** call on the name of Jesus Christ our Lord," (1 Corinthians 1:2,) so that there is now no difference between Gentile and Jew, between Greek and barbarian, because all in common have God as their Father; and in Christ is now fulfilled what Malachi had foretold, that not only in Judea, but ***throughout the whole world, pure sacrifices are offered***. (Malachi 1:11.)”

**OPMERKING 3c**: En nog, uit die verdere konteks van 1 Timoteus en die res van die Nuwe Testament, is dit verantwoordbare eksegese om die duidelike onderskeid te erken tussen die verskillende plekke en omstandighede van aanbidding. Ja, daar is ‘n algemene oproep om die Here te dien in die hele lewe, as’t ware op elke lewensterrein soos ons dit sal noem vandag, in jou beroep en daar in die samelewing ook, in alles, of ons eet of drink (1 Kor. 10:31). So was dit reeds in NT tye, ook reeds vir die konings en hooggeplaastes (1 Tim. 2:1-4),[27] maar ook vir alle gelowiges (1 Kor. 10:31; sien al die huistafels in Ef. 5 en 6; Kol. 3 en 4, ens.).

Dit alles het egter nie ***die duidelike onderskeie en unieke plek van die gelowiges se samekomste op ‘elke plek’ opgehef nie***, dit was albei, duidelik onderskei, soos die volgende Skrifdele aandui:

> “…. een wat sy ***eie huis*** goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou. Maar as iemand nie weet om sy ***eie huis*** te regeer nie, hoe sal hy vir ***die gemeente van God*** sorg dra?” (1 Tim. 3:4–5)
>
> “MAAR terwyl ek dit beveel, kan ek dit nie prys nie dat **julle saamkom**, nie ten goede nie maar ten kwade. Want in die eerste plek hoor ek dat, as julle ***saamkom in die gemeente***, daar skeuringe onder julle is, en gedeeltelik glo ek dit. Want daar moet ook partyskappe onder julle wees, sodat die beproefdes onder julle openbaar kan word. As julle dus saamkom, dan wil dit nie sê dat julle die nagmaal van die Here eet nie….. Daarom, my broeders, as julle saamkom om te eet, wag vir mekaar; en as iemand honger het***, laat hom by die huis eet***, sodat julle nie tot ’n oordeel saamkom nie. Die ander sake sal ek reël wanneer ek kom.” (1 Kor. 11:17-20; 33–34)
>
> “HOE staan die saak dan, broeders? Wanneer ***julle* saamkom**, dan het elkeen van julle ’n psalm of ’n lering of ’n taal of ’n openbaring of ’n uitlegging—laat alles tot stigting geskied…. Julle vroue moet in die **gemeentes** swyg; want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie, maar om onderdanig te

---

van Christus. Paulus se eie lewe getuig weer daarvan: hy het die gemeente vervolg in Joodse ywer, maar is deur God ingeruk en as apostel na die heidene geroep. Wie glo dat Jesus Christus die losprys vir hom betaal het, het die ewige lewe.” (D. Kempff, Die *Betroubare Woord: Gee dit deur – Skrifstudies oor 1 en 2 Timoteus en Titus* (Johannesburg: Boekhandel De Jong, 1978).

[27] Sien Calvyn se kommentaar op hierdie gedeelte, 1 Tim. 2:1-8, veral oor verse 1-4.

> wees, soos die wet ook sê. Maar as hulle iets wil leer, laat hulle ***tuis*** hul eie mans vra, want dit is lelik vir vroue om in die **gemeente** te spreek." (1 Kor. 14:26, 34–35)

Hierdie Skrifgedeeltes wys dan daarop daar is ***duidelik*** sekere handelinge wat wel in die gewone gesinshuis en ander lewenskringe uitgevoer kon word, bv. vroue wat saam met hul mans bv. ander mans leer, sien Priscilla en Aquila, Hand. 18:26, of vrouens wat ander vrouens leer en/of kinders, sien Tit. 2:3,4; so ook onderskeid om 'saam te eet' en 'by die huis te eet', sien 1 Kor. 11:17-34, dus 'n ***duidelike*** onderskeid, maar ander 'plekke of samekomste' mag die vrou nie leer of regeer nie, dus nie op 'elke plek' van 'eredienste' dus nie (bv. 1 Tim. 2:11-12; sien ook die relevansie van dat hierdie verbod ook vir 'alle' gemeentes geld, 1 Kor. 14:36, in die konteks van verse 33-37,

> "*want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede,* ***soos in al die gemeentes*** (ekklēsiais = meervoud) ***van die heiliges****. Julle vroue moet in die* ***gemeentes (meervoud)*** *swyg; want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie, maar om onderdanig te wees, soos die wet ook sê. Maar as hulle iets wil leer, laat hulle tuis hul eie mans vra, want dit is lelik vir vroue om in die gemeente te spreek. Of het die woord van God van julle uitgegaan,* ***of het dit tot julle alleen gekom****?" (1 Kor. 14:33-36)*

En met watter gesag bring Paulus, die apostel van Christus, hierdie bevele vir alle gemeentes van alle tye, is dit bloot 'n tydelike reëling? Nee, want *"As iemand meen dat hy 'n profeet of 'n geestelike mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skrywe,* ***bevele van die Here is****.*" (1 Kor. 14:37)

**KONKLUSIE VAN OPMERKINGS 3:**

Contra dr. Vergeer se verskraling van 'elke plek' tot net die algemene lewe en dit mag nie wys na ons 'eredienste' en 'samekomste' nie, is dit **duidelik** uit die hele Skrif en die bepaalde konteks van die Pastorale Briewe in sy geheel (bv. 1 Tim. 3:5, 15,16; 4;13,14; 5:8,9, 17-25; 2 Tim. 2:2, 15, 19-26; 4:2-5; 6;19-22) en die res van die Skrif, ***en juis*** die bedoeling en konteks van 1 Tim. 2:1-8 se 'evangelisasie en sending' motief, dat die evangelie nou na alle volke en mense in 'alle plekke' moet gaan, en daar onder hulle dan kerke as vrug van die evangelie ontstaan (Tit. 1:1-4), 'samekomste' van gelowiges waar die Here aanbid word, onder leiding van die ouderlinge (Tit. 1:5-16) en die gemeente (1 Tim. 2:1-15) met goeie kerkregering (1 Tim. 3:15), die pilaar en grondslag van die waarheid sal wees, sodat juis die evangelie en God se eer gedien sal word. In Paulus se 'evangelisasie en sendingywer' soos gesien in Titus 1:1-4, gaan hy nie verby kerkregering en God se (skeppings)orde nie, hy maak nie valse onderskeid, of valse teenstelling tussen 'verlossing' en 'kerkregeringsake' nie, vergelyk 1 Tim. 1:15 met 3:1, waaraan ons nou verder wil aandag skenk.

**DR. VERGEER SKRYF VERDER:**

*3. In die 2020-vertaling word die eerste woorde van 1 Timoteus 3 ("dié uitspraak is betroubaar") by die voorskrifte aan vroue in 1 Timoteus 2:9-15 gevoeg.*

*• Die samesteller van die bronteks (United Bible Society) het hierdie tipografiese wysiging gedoen omdat van die oudste manuskripte die daarop volgende woorde in 1 Timoteus 3 ("as iemand ...") hoofletter laat begin.*

*• Hierdie wysiging het besondere betekenis, omdat die woorde "dié uitspraak is betroubaar" in die Pastorale Briewe telkens gebruik word om gesagvolle uitsprake of aanhalings aan te dui wat reeds in die leefwêreld van die eerste hoorders bekend is (vgl. 1 Tim. 1:15, 4:9; 2 Tim. 2:11; Tit. 1:13).*

*• Soos gelykenisse, het sulke aanhalings 'n beperkte doel. Wanneer Paulus byvoorbeeld Epimenides van Kreta aanhaal, wat sê dat die Kretensers altyd leuenaars, ongediertes en lui vrate is, en dit as 'n "waar woord" tipeer (Tit. 1:12-13), dan is die bedoeling sekerlik nie om alle Kretensers van alle eeue te etiketteer en te diskrediteer nie.*

*• Behalwe die aanduidings in die oudste manuskripte is daar ook stilistiese, strukturele en inhoudelike oorwegings wat daarop dui dat die motivering van die voorskrifte aan vroue (1 Tim. 2:13-15) 'n aanhaling is. Hierdie aanhaling is egter omstrede en moeilik verstaanbaar, omdat dit impliseer dat gesag aan skeppingsvolgorde gekoppel word ("Adam is eerste gemaak"), vroue meer doemwaardig as mans is, ("Eva het haar laat verlei") en vroue die saligheid verkry deur kindergeboorte ("sy sal redding vind in moederskap"). Nêrens in die Skrif word gesag egter aan skeppingsprimaat gekoppel nie; en, alhoewel Eva verlei is, was Adam by haar en saam met haar ongehoorsaam (Gen. 3:6). Verder weet ons dat ook vroue deur geloof in Jesus Christus gered word en nie deur kinders in die wêreld te bring nie.*

*• Die drie teologiese idees in 1 Tim 2:13-15 kan wel nie in die Skrif teruggevind word nie, maar uit ander bronne weet ons dat dit bekende slagspreuke van die eerste-eeuse Judaïsme was.*

*• Dit kan dus voorsien word dat Paulus hier die gelowige vroue van Efese aanmoedig om hulle ter wille van die evangelieverkondiging te skik by voorskrifte wat in pas is met die eerste-eeuse Judaïstiese lewens en wêreldbeskouing van die omgewing waarin hulle woon.*

*• 'n Vergelykbare scenario sou wees as 'n Christensendeling en sy vrou vandag geroep word om die evangelie te verkondig in 'n land wat deur die Taliban regeer word. Voorskrifte vir bepaalde gedrag en kleding sal dan noodsaaklik wees. Nie omdat dit die hart van die evangelie raak nie, en nie omdat hierdie voorskrifte altyd moet geld nie, maar juis om die verkondiging van die evangelie te bevorder.*

**OPMERKING 4a:**

Daar is twee sake oor die baie belangrike "Dit is 'n betroubare woord" (*pistos ho logos*) frase.

a) die plasing en plek van hierdie frase volgens vertalings se paragraaf indelings, en

b) wat dr. Vergeer se verklaring is van hierdie frase dan sou beteken.

In die meerderheid van vertalings word die frase gekoppel of ingedeel saam vers 3:2 en verder se paragraaf, en in sekere vertalings aan die einde van 1 Tim. 2 (dus na v. 15), soos dr. Vergeer vermeld.

a) Die hoofstuk en paragraaf indelings soos ons dit vandag het, is natuurlik later bygevoeg, en is dus nie geïnspireer' nie.[28] Na my mening of dit nou deur ons 'ingedeel' moet word saam die vorige verse (2:11-15) of die verse wat volg (3:2ev), maak nie wesentlike saak vir ons onderwerp nie, dit bevestig inteendeel dat beide wat vooraf gaan en wat volg inderdaad God se wil is wat vas en seker staan, vir alle tye, betroubaar is, beide 'evangelie' (1:15) en kerkregering sake (2:11-3:16).

Soos andere 'betroubare woord' frases in verskillende vorme (1:15; 2 Tim. 2:11; Tit. 1:9; 3:8), kan ook hierdie een dus na die verse voor en/of na dit verwys, ***die wesentlik belangrike vraag is egter wat dit beteken en impliseer … en ook nie beteken nie, wat ek in b) sal aanspreek.***

a) Wat die plasing en plek die frase in 3:1 betref, net die volgende: dit is glad nie 'n uitgemaakte saak of die 2020-vertaling die 'regte of beste' plasing is nie. Dr. George W. Knight skryf daaroor nadat hy die verskillende redenasies daaroor weergegee het, as volg:

> "Both manuscript evidence and internal considerations show *pistos* (faithful/betroubaar – slc) to be the correct reading. To say that the saying in 3:1b could not have arisen in the early church or that Paul would not use this formula to refer to it is to misunderstand both. That there was a lively and deep interest in church order is evidenced not only by 1 Timothy 3 itself (vv. 14, 15), along with 5:17ff. and Tit. 1:5ff., but also by many passages throughout Acts, Paul's letters, and other NT letters (cf. Acts 6:1ff.; 14:21ff.; 20:17ff.; Rom.12:6ff.; 1 Cor. 12:28; Phil. 1:1; 1 Thes. 5:12ff.; Heb. 12:7; 1 Pet. 5:1ff., etc.). Furthermore, the "saying" in 3:1b seems much too abrupt an introduction to the verses that follow (3:1etc) without the formula, but seems in place with the formula. ***Therefore the verdict must be entered with most Greek NT editors (except Westcott-Hort, the "corrected" edition of UBSGNT, and NA26), the text of most modern English translations, and most commentators that pistos ho logos (this is a faithful saying), refers to 3:1b (so also Ellingworth, "'True Saying"')***.[29]

[28] https://tyndalehouse.com/explore/articles/where-did-the-bible-s-chapters-come-from/
https://bible-researcher.com/chapter-verse.html

[29] *The Pastoral Epistles: A Commentary on the Greek Text* (New International Greek New Testament Commentary), Carlisle: Paternoster Press, 1009, p. 153.

b) Dit bring my by die bespreking van 'waarom'-motief' van dr. Vergeer se sosio-historiese verklaringsmetode van hierdie hele gedeelte, en waarom hy die 'dit is 'n betroubare woord' frase sien as die sleutel vir sy moderne verklaring, en mens dwing om te vra: ***waar gaan sy metode eindig met die res van die 'dit is 'n betroubare woord' frases?***

Dr. Vergeer stel dit baie duidelik wat sy rede vir hierdie plasingskeuse, naamlik dat v. 13 en 14 se begronding:

- nie God se wil is vir sy kerk van alle tye en plekke nie, dus ook nie vir die GKSA nie en dus waarom v. 11 en 12 nie mag plaasvind nie, d.w.s. vroue oor mans leer en regeer in eredienste nie, dus ook nie as predikante en ouderlinge mag wees nie.
- want, volgens hom dui die 'dit is 'n betroubare woord' en 'buite bybelse bronne' dat wat daar staan in v. 13 en 14 niks anders as "*bekende slagspreuke van die eerste-eeuse Judaïsme'* is nie.

Daarteenoor, wat 'verantwoordbare eksegese' behoort te doen, is om te doen wat reeds by OPMERKING 3a hierbo vermeld is, nl. die 'dit is 'n betroubare woord' frase te ondersoek deur Skrif-met-Skrif te vergelyk, veral in sy onmiddellike konteks, op soek na wat vader Postma geleer het, om te luister wat die Gees vir die gemeente sê.

Daar is ten minste nog 4 baie belangrike sleutel 'dit is 'n betroubare woord' frases in die pastorale briewe (1:15; 2 Tim. 2:11; Tit. 1:9; 3:8***), wat hy blykbaar bloot ignoreer***, en kies dan wel die een wat die minste daaraan verwant is, soos die oorspronklike taal ook aandui, naamlik Tit. 1:13 ('Hierdie getuienis is waar'; Grieks: *ho marturia estin aletes*). Daarna, gebruik hy Tit. 1:13, wat duidelik openbaar wat die doel en aard is, om in 1 Tim. 2:11-15 in te lees dat wat daar staan hiermee te vergelyke is, as 'n buite-bybelse bron, en dus 'n tydelike opmerking, net vir daardie tyd.

Dus, die bron van dit wat daar staan 1 Tim. 2:11-15, is nie die Gees wat spreek vir alle tye en plekke nie, om God se wil vir ons te bring oor kerklike orde nie, maar tydelike aspekte wat nie 'ewiggeldende ordereëlings' vir die erediens daar stel nie. En as ons dus, as die GKSA en alle gelowiges en kerkverbande wel glo dit is (soos die kerk oor die algemeen deur die eeue gedoen het) 'ewigdurende ordereëlings', dan of dit nou bewus is of onbewus, dan volg ons, en -dus ook die gereformeerde kerke en teoloë deur die eeue nog altyd 'n "-euse Judaïsme", nie die Gees wat deur sy Woord spreek nie, dit is nie 'bevele van God' nie (1 Kor. 14:37), vir alle gemeentes en tye nie (1 Kor. 14:33-36, maar net vir 'daardie tyd' nie.

Daarteenoor, wat is die regte 'verantwoordbare eksegese' wat gevolg moet word in die betekenis en implikasies van die "dit is 'n betroubare woord" vir hierdie onderwerp?

Dr. Paul Ellingworth[30], Nuwe Testament kenner wat ook vir die *United Bible Society* gewerk het, antwoord as volg, en wys op:

i) die oorsprong van die 'dit is 'n betroubare frase', nl. gelowiges, die kerk se belydenis, nie die Judaïsme of Grieks-Romeinse wêreld nie,

ii) ook in antwoord oor die vraagstuk waar die 'dit 'n betroubare woord' geplaas moet word in die hoofstuk indeling en verse (beklemtoning bygevoeg):

> "Nestle Aland's 26th edition, however makes a new paragraph after the words "this is a true saying" so that these words are attached to 2.15, which GNB translates: "But a woman will be saved through having children, if she perseveres in faith and love and holiness. with modesty." This was the interpetation of Westcott and Hort's Greek text. and of a minority of ancient commentators, including Chrysostom, and of modern commentators, including C. K. Barrett. In trying to solve this problem, it is natural ***to look at the four other "true sayings" in the Pastoral Letters.***
>
> In I Tim 1.15, "This is a true saying to be completely accepted and believed" must be linked with what follows, because in the Greek there is a "that" before "Christ Jesus came into the world to save sinners". In I Tim 4.9 the same words appear to refer to the sentence before, for two reasons. The first and more important reason is that verse 8 is a general statement, "physical exercise has some value while verse 10 is more specifically about how Christians, especially Christian workers such as Paul and Timothy live: "We struggle and work hard. The second reason is that in the Greek, verse 10 reads like a conclusion following on the "true saying": "For we struggle (Some manuscripts make it a new point: "And we struggle"…)
>
> In 2 Tim 2.11, "This is a true saying" must refer not to the preceding account of Paul's hardship (verses 9-10), but to the hymn which follows in verses 11-13, "If we have died with him, we shall also live with him."
>
> In Titus 3.8, as in 2 Tim 2.11, "This is a true saying" probably refers to a hymn, but in this case the hymn *comes before*. Nestle Aland 26th edit on helpfully prints verses as verse here. Tit 3.8 continues in Greek with an "and", not translated in GNB, then goes on to give some instructions which it would not be very natural to describe as a "true saying". It is therefore impossible to tell, from the other "true sayings" in the Pastoral Epistles, whether "this is a true saying" in 1 Tim 3.1 points backwards or forwards. There is no general pattern: each case must be decided on its merits.
>
> However our look at the other "true sayings" has been useful, ***since it has taught us to look, either for an early Christian hymn, or for some general and concise statement*** — in any case, to look for something already known to the writer, and probably to his first readers. All the writer needs to do is to remind his readers of (he "true saying", and apply it to his readers' situation.

[30] https://en.wikipedia.org/wiki/Paul_Ellingworth

> Now 1 Tim 2.14—15. which is a single sentence in Greek, seems much too long and detailed to be the "true saying" to which 3.1 refers. The following words. "If a man is eager to be a church leader, he desires an excellent work", fit the idea of a "true saying" much more closely. If, therefore, 3.1 is the "true saying", 3.2—7 (which are similar to Tit 1.6—9), apply the saying to the readers' situation. This is clearer in the Greek than in GNB, which omits from verse 2 a word meaning "therefore".
>
> This is the conclusion reached in the most thorough modern study of the "true sayings", *The Faithful Sayings in the Pastoral Letters*, by George W. Knight Ill (Kampen: Kok 1968, pages 52—55). Knight also remarks that our understanding of I Tim 3:1 ***should not be prejudiced by our view of episcopy***. Translators should by no means ignore the new edition of Nestle-Aland, seeing that it does sometimes suggest a different meaning from the UBS text. However in I Tim 3.1 the UBS paragraphing is to be preferred."[31]

**'N BAIE BELANGRIKE VRAAG AAN DR. VERGEER:**

Die baie belangrike vraag wat vandag vir dr. Vergeer (en andere) gevra moet word oor sy siening van die "dit is 'n betroubare woord" frase, en veral wat hy wil hê dit op wys en beteken, nl. dat dit volgens hom wys op die 'slagspreuke van die eerste-eeuse Judaïsme" en nie God se ewigedurende wil vir sy kerk nie, is as volg:

| |
|---|
| Is dit wat hy beweer, dan ook waar vir die ander "dit is 'n betroubare woord" frases in die onmiddellike konteks, dus dat bv. 1 Tim. 1:15 nie die produk is van die Gees se ewige wil vir alle tye en plekke nie, maar ook (soos die Nuwe Hervormers en liberale teologie nog altyd beweer), die produk is van voor, tydens en na Christus opgevaar het se 'gemeente teologie', wat 'n messiaanse verlossings-idee gehad het wat beïnvloed en bepaal is deur hul sosio-historiese tye, nl. Grieks-Romeinse mites en fabels oor redders en messiasse, en dit dan oorgedra het na die 'opgestane Here Jesus', in kontras met die 'historiese Jesus'?[32] |

> "**Dit is 'n betroubare woord** (*pistos ho logos*) en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is." (1 Tim. 1:15)
>
> "Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes, sodat hulle ook die verlossing wat in Christus Jesus is, kan verkry met die ewige heerlikheid. **Dit is 'n betroubare woord** (pistos ho logos); want as ons met Hom gesterf het, sal ons ook met Hom lewe." (2 Tim. 2:10–11)

---

[31] "The True Saying' in 1 Timothy 3.1" Bible Translator 31 (1980) 443-45.

[32] "According to the German historian, Ethelbert Stauffer, ***the religious principle of the Roman Empire, from the days of Augustus on, was salvation by Caesar***: "Salvation is to be found in none other save Augustus, and there is no other name given to men in which they can be saved." This helps us to understand the boldness of St. Peter, and the total power he declared rested in Christ, when he said of Jesus Christ, "Neither is there salvation in any other: for there is none other name under heaven given among men, whereby we must be saved" (Acts 4:12)." Sien RJ Rushdoony, *The Foundations of Social Order: Studies in Creeds and Councils of the Early Church* (Fairfax, Virginia: Thoburn Press), p. 64, en die bron wat Rushdoony aanhaal in sy voetnota 1, E. Stauffer, *Christ and the Ceasars*, pp. 81-89. Philadelphia: Westminster Press, 1955.

Was dit ‘n ewigdurende evangelie vir alle tye, of was dit ‘n produk van die eerste-eeuse messianisme van die Jode wat verlossing gesoek het van hulle Romeinse onderdrukkers, en toe het die kerk (‘gemeente teologie’) dit later die ‘ewige evangelie’ gemaak om mense sosiaal te help om te ‘cope’, maar dit is nie ewigdurend waar nie, tye verander en daar kan weer ander verlossingswyses ook wees vir ons nuwe moderne tye, wat nie wesentlik afhang van die historiese werklikheid van die ewige evangelie nie?
Is daar nie baie buite-bybelse (sosio-historiese?) bronne wat daardie beweringe nog altyd gemaak het nie, en vandag nog lewe in die ‘Nuwe Hervorming teologie’[33] wat ook in SA vanaf die begin van die 20ste eeu opgekom het? Prof Amie van Wyk vra treffend die volgende teen die Nuwe Hervorming ‘teologie’:

> “Die vraag is nou: watter implikasies hou hierdie ***herinterpretasie*** van die Jesusverhale vir die (klassieke) Christologie in? Ons bespreek slegs drie daarvan: die kruisiging, die hellevaart en die opstanding. Wat die kruisiging van Jesus betref: binne die denkraam van die Nuwe Hervorming word dit nie meer verstaan as ’n soenoffer vir ons sondes (vgl. Hebreërs) of as vergewing van ons sondes teen God (vgl. Romeine) nie. *Jesus is gekruisig as slagoffer van sosiopolitieke onderdrukking* (Botha, kyk Muller, 2002:191).
>
> Hy is nie veroordeel omdat hy die ewige lewe verkondig het nie, maar implisiet omdat hy gesê het die ewige lewe beteken om verantwoordelikheid vir ’n mens se naaste te aanvaar (kyk Luk. 10:27-37)21 (Botha, kyk Muller, 2002:192). Jesus is nie gekruisig omdat hy geleer het dat hy die Seun van God is nie, ***maar omdat hy geleer het ’n sekere lewenswyse is belangrik (nl. anti-patriargie)***; hy het nie ontologiese uitsprake oor God gemaak nie, maar gewys op die etiese implikasies van die Godsheerskappy (Botha, kyk Muller, 2002:195).
>
> Die gedagte van die soendood van Jesus rus op ’n ***uitgediende*** offersisteem; dit is “problematies”, “primitief” en “uitgediend” (Wolmarans, kyk Muller, 2002:223; Wolmarans, 2002d:17,1 8).
>
> In ’n postmoderne wêreld (vir dr. Vergeer: in ‘n feministies woke wêreld? - slc) is die slag van offerdiere iets primitiefs en word die soenoffer van Jesus onbegrypliker en onaanvaarbaarder (is die man-vroue skeppingsorde ‘onbegryplik en onaanvaarbaar’ vir ons moderne tye? -slc). Vergifnis word ontvang deur dit te gee.
>
> Die probleem met hierdie ***herinterpretasie*** is dat Jesus (en die Nuwe Testament) nie meer as die kulminasie en vervulling van die Ou Testament gesien kan word nie en dat die interpretasie van die kruisgebeure deur byvoorbeeld Paulus en Hebreërs moet verval.”[34]

---

[33] “Die Nuwe Hervorming: wetenskaplike of evangelisasie terrein? https://proregno.com/2011/06/16/die-nuwe-hervorming-wetenskaplike-of-evangelisasie-terrein/ “Die Nuwe Hervorming: verwagting of verydeling?”, prof. JH van Wyk. In die Skriflig 37(3) 2003:345-373. https://indieskriflig.org.za/index.php/skriflig/article/download/473/366 “Wie die ontmitologiseringsprogram konsekwent toepas, moet uiteindelik by die volgende vraag uitkom: behoort die geloof in (’n) God nie ook ontmitologiseer te word nie? Waarom nog hoegenaamd gló? Is die geloof self nie nog deel van ’n mitologiese wêreldbeeld waarvan ons so gou moontlik ontslae behoort te raak nie?” Dieselfde kan gevra word as mens die een ‘betroubare woord’ wil aanvaar as ewiggeldend, maar nie ‘n ander een nie (1 Tim.3:1) nie? Dus behoort albei betroubare woorde nie tot die ‘gemeente teologie’, tydsgebonde vir die eeue van ‘gemeente messiasteologie’ wat ontstaan het in Grieks-romeinse tye nie?
[34] ibid., p. 354-355.

**OPMERKING 4B: Die regte eksegese van die teks**

Uit die eksegese van die teks self, die teks voor en na 1 Tim. 2:11-15, is dit verder ***duidelik*** dat daar geen rede is om te glo dat Paulus verse 13 en 14 enigsins weerlê of teengespreek het nie (in ander Pauliniese tekste kan mens duidelik in die konteks sien dat Paulus 'n bepaalde saak vermeld, en dit dan duidelik antwoord en weerlê, sien bv. Rom. 6:1-2; 1 Kor. 6:12ev; 7:1ev.; 15:32ev;: Tit. 1:12ev.; ens.). Die 'want' (*gar*)[35] van verse 13 wil juis vers 11-12 begrond in God se skeppingsorde, asook v. 14 wat dien as waarskuwing as God se skeppingsorde en bevel (1 Kor. 14;36,37) verontagsaam is of word (met verwysing na die sondeval).

Om dit ook anders te stel, as die Here se skeppingsorde vir die huwelik, verhouding man en vrou verag en verwerp word, dan lei dit dat baie dwalinge en wanorde (sien ook 1 Kor. 14:33-40). Dit is juis die 'geslag maak nie saak nie' slagspreuke van ons eie moderne tye: buite die kerk deur radikale feminisme, en binne die kerk deur 'evangeliese' feminisme, wat die bediening van die evangelie (1 Tim. 2:1-8) baie groot skade lei asook die wanorde en onvrede aanblaas (contra 1 Kor. 14:34,40; 2 Tim. 2:22),[36] soos in vandag se woke agendas gesien word wat die kerke oorweldig, wat by die tydsgees wil aanpas.

**<u>Opmerking 4c</u>**: As dr. Vergeer beweer, "***Nêrens** in die Skrif word gesag egter aan skeppingsprimaat gekoppel nie",* dan is dit bloot omdat hy nie bv. 1 Kor. 11:3, 8 en 1 Tim. 2:13 as God se openbaring vir alle tye gelowig wil aanvaar en wil gehoorsaam nie. Hy het dit (1 Tim. 2:13-15) vanuit sosio-historiese bronne, buite die Bybel, afgemaak as bloot Judaïstiese 'ingeteelde' patriargie wat tydsgebonde is, en beskou dit nie as Godsopenbaring van die Here deur Paulus vir alle tye en plekke en vir die goeie orde en diens van die Evangelie nie.

Daarteenoor lees ons dat die Skrif, dat die Here in sy skeppingsorde en wil, wel gesag skenk weens die skeppingsorde openbaring, ***dienende*** gesag aan Adam, aan die man, ens., dus die hoofskap van die man, soos dit in hierdie verklaring van Gen. 1 en 2 na vore kom, waarna Paulus juis in 1 Tim. 2 verwys:

---

[35] Vergelyk bv. 1 Tim. 2:13 se 'want' met al die 'maar's' (*alla*) van 1 Kor. 6:12.

[36] "Verskeie kerke in die kerkverband gaan in stryd met Sinodebesluite voort om vroue as ouderlinge te bevestig. Dié optrede lei onder meer tot: • die indien van Beswaarskrifte en Appèlle op verskeie kerklike vergaderings; • verlamming in die kerklike lewe, aangesien baie tyd en energie bestee moet word om die Beswaarskrifte en Appèlle ordelik te behandel en af te handel; • spanning tussen kerke en kerklike vergaderings in die kerkverband, asook ampsdraers en lidmate onder mekaar; • die ondergrawing/ondermyning van die integriteit van Sinodebesluite in die algemeen; • aftakeling van onderlinge vertroue." – Beskrywingspunt van Streeksinode Pretoria – Binding aan Sinodebesluite oor vroue in besondere dienste (Art 36), Acta GKSA algemene sinode 2023, sien hier: [https://gksa.org.za/storage/2023/09/21.6-Beskrywingspunt-Streeksinode-Pretoria-vrou-in-besondere-dienste.pdf](https://gksa.org.za/storage/2023/09/21.6-Beskrywingspunt-Streeksinode-Pretoria-vrou-in-besondere-dienste.pdf)

“Die vrou is die man se hulp (*ezer*). "Hulp-wees" dui nie op minderwaardigheid nie. God word immers ook as Hulp (*ezer*) aangedui (Eks 18:4, Deut. 33:7,26,29; Ps 20:3, 146:5, en ander plekke). Die vrou vul die man aan in die uitvoering van sy skeppingsopdrag (Gen 2:15) as iemand wat self ook 'n skeppingsopdrag ontvang het (Gen. 1:28). ***In die opsig is daar sprake van gelykheid, maar terselfdertyd ook van ondersteuning- en dus "ongelykheid".*** Die vrou is medeverantwoordelik in die uitoefening van die heersersopdrag, maar nie primêr verantwoordelik nie. Die een aan wie hulp verskaf word, beklee die posisie van "eerste onder gelykes" (skeppingsprimaat). Sowel man as vrou regeer (saam), ***maar elkeen in sy eie hoedanigheid.***

Die skeppingsprimaat van die man met die gepaardgaande skeppingskomplement van die vrou word nie in die Ou Testament uitdruklik op die voorgrond gestel nie, maar word wel in die Nuwe Testament ***uitdruklik*** vermeld (vgl bv 1 Kor. 11 :8; 1 Tim. 2: 13). Die man gee die vrou die naam *isjsjah*. Juis die feit dat Adam aan haar 'n naam gee, is 'n aanduiding van sy hoofskap. Die woordspeling *isj* en kan enersyds dui op die ***primaat*** van die man (dat die vrou uit die man geneem is), en andersyds op ***eenheid*** (bylae-1988, punt 2.4.2, p. 26-27). ***Hierin is daar 'n aanduiding van die hoofskap van die man***. Of hierdie hoofskap slegs vir die huweliksverhouding geld, of ook vir die verhouding tussen alle vroue en alle mans, kan egter nie afdoende uit hierdie Skrifdeel afgelei word nie.

**Leidinggewing van die man is liefdesdiens en nie heerskappy nie**: Die feit dat die vrou uit die man geneem is en die man van sy pa en ma af weggaan en met sy vrou saamleef (Gen. 2:24), wys op die hegte eenheid tussen man en vrou in die huwelik, ***maar veral op die primaat van die man***. Deur sy ouers te verlaat is die man die inisieerder van die nuwe gesin wat voortaan nie meer onder hoofskap van sy pa sal staan nie, maar onder ***sy eie hoofskap***. Terselfdertyd getuig dit ook van selfverloëning (en dus liefdesdiens) ter wille van sy vrou met wie hy nou saamleef.

***God se skeppingsorde*** dui daarop dat die man en vrou elk binne die huwelik 'n plek gekry het ***en dat hierdie orde nie geïgnoreer moet word nie***. Vergelyk byvoorbeeld die plek van die eersgeborene in die Ou Testament. Tog dui hierdie skeppingsorde nie op 'n rangorde van belangrikheid of daarop dat die vrou slaafs afhanklik van die man is nie”[37]

Prof. JC Coetzee skryf ook dat ons ***tegelyk*** die skeppingsgelykheid én skeppingsprimaat (ongelykheid) van die geopenbaarde skeppingsorde van God moet omhels, wat die evangelie van Christus bevestig en juis handhaaf, soos Paulus dit uiteensit in 1 Tim. 1 tot 3:

“Die verlossingswerk van Christus hef die sondige ongelykheid op, ***maar nié die skeppingsprimaat van die man nie***, ***en ook nié die genadige ordereëling van God vir hierdie sondebedeling nie*** (net soos die owerheidsgesag nie deur Christus opgehef is nie).

In die briewe van Paulus en Petrus word dit herhaaldelik benadruk: by haar heerlike vryheid in Christus, haar “geen onderskeid”- posisie voor God en sy gemeente, moet die vrou aan haar man (let wel: aan háár man) onderdanig wees en nie oor hom heers of wil heers nie.

[37] DG Breed, FJ van Rensburg, GJC Jordaan. *Manlik en Vroulik in die Kerk: Geslagtelikheid en die besondere dienste* (Potchefstroomse Teologiese Publikasies, 2008), p. 70-71. Hier beskikbaar: https://repository.nwu.ac.za/handle/10394/15873. Sien ook prof. GJC se verdere kommentaar daarop: https://proregno.com/wp-content/uploads/2012/01/manlik-en-vroulik-in-die-kerk-colloquium-ssb.pdf

Dit is baie belangrik om daarop te let dat die apostel Paulus vir hierdie sondebedeling ***hom nie beroep op konvensie nie; nie op die eietydse siening van die plek van die vrou nie*** — daarvoor was die Kerk die wêreld ten ene male te ver voor! Maar hy beroep hom steeds ***op God se openbaring in die begin: eerstens op die sondestraf en genadige ordereëling van God, bv. in 1 Tim 2:14; tweedens op die man se Godgegewe skeppingsprimaat, bv. in I Kor 11:8,9 en I Tim 2:13.***

Dit moet uiteindelik by oorweging van die relevansie van Skrifuitsprake oor "vrou en amp" deeglik in gedagte gehou word. Mens vind naamlik sowel by (Wêreldraad van Kerke)-rapporte oor die aangeleentheid as by die deputate-rapporte van die GKN van 1965-66 en 1967-68 dat die absolute geldigheid van Gal. 3:28 vir alle tye wel sterk benadruk word, terwyl byvoorbeeld I Kor. 11:13-16, 1 Kor. 14:34-38 en l Tim. 2:11- 15 deur die WRK ongekwalifiseerd en deur die GKN- deputate ***op gekwalifiseerde wyse as "tydgebonde" gedevalueer word.*** Die Skrif leer ***duidelik*** dat God by die skepping twee principia in die verhouding van man en vrou openbaar: gelykheid en primaat.

Gelykheid: Gen 1:26-29: God maak die mens man én vrou, en maak beide na sy beeld en gelykenis. Hulle word ***mede-beelddraers***. Maar God gee ook aan man en vrou tesame die opdrag om te heers oor sy skepping. Hulle word dus ook ***mede-heersers!*** Dit mag daarom nooit so voorgestel word asof dit teen die wese van die vroulike geslag is, of teen 'n "skeppings-ordinansie" ingaan dat die vrou ook mag heers of regeringsfunksies mag vervul nie. Tewens dit is ook onteenseglik haar eindbestemming in die heerlikheid saam met die man (Matt. 19:28-29; Op. 22:5).

Primaat: Gen2:7,18 en 23: God het die man eerste geskape en die vrou uit die man. So word die vrou dan ook geskape as *' 'n hulp wat by hom pas'*. Die man is dus in verhouding tot sy vrou geskape as primus in ter pares. ***Hierop beroep die apostel Paulus hom herhaaldelik, in 1 Kor. 11:8-12; Ef. 5:31; 1 Tim. 2:13. …*** 1 Tim. 2:11-15 word gewoonlik, en tereg ook, nou verbind aan 1 Kor. 14:33-40. Ook hier word die vrou beveel om haar in stilheid te laat onderrig en onderdanig te wees. Daarby word nou nog gevoeg: "Ek laat 'n vrou nie toe om te leer (*didaskein*) nie, nog om gesag oor die man te voer nie" (vers 12). Die leraarstaak en gesagbekleding oor die man in die gemeente word ***as 'n algemeen geldende reël*** (epitrepo = praesens indikatief) ***ontoelaatbaar gestel***. Hier skyn, aansluitend by 1 Kor. 14, sowel die amp van lerende ouderling as die ouderlingeamp is vir "die vrou" ***nie toeganklik te wees nie***.

Ook is hier nie so eksplisiet net van die getroude vrou sprake nie. Waar 1 Kor. 14 die swye van die getroude vrou in die gemeente grond ***op die feit dat die man in die huwelik hoof van die vrou is, fundeer Paulus in 1 Tim 2 sy ver bod op die skeppingsprimaat van die man*** (vers 13) én op die straf en ordereëling van God na die sondeval dat die man oor die vrou sal heers (vers 14). Hierdie laaste fundering open myns insiens tog sterk die moontlikheid dat Paulus met gunê en anér ook in I Tim 2 bedoel die getroude vrou en háár man, 'n rigting waarin vers 15 ook by implikasie kan wys. Hoewel Ridderbos, sonder Beredenering, so 'n interpretasie "te tedentieus" noem (de Pastorale Brieven, Commentaar op het Nieuwe Testament, Kampen 1967, p. 82), is ek oortuig dat hierdie verstaansmoontlikheid minstens ernstige oorweging verdien.

Die wyse waarop Paulus sy reëling hier in die Skrif self fundeer, ***sluit alle reg uit van enige wegredenering*** van 1 Tim. 2:11-15 as sou dit 'n bloot tydgebonde reëling wees volgens eerste-eeuse sosiale praktyke."[38]

[38] Die vrou in die die kerklike ampte (Koers, vol. 40 No. 2, 1975).
https://www.koersjournal.org.za/index.php/koers/article/view/817

**KONKLUSIE VIR OPMERKINGS 4**: Mag die Here ons help om eenvoudig te bly by die ***duidelike*** teks wat daar staan en in die konteks van die teks self, en nie 'agter' die teks die sleutel te wil gaan soek in onsekerheid wat daar nou 'eintlik' staan nie, so asof die Here nie ook nie sy kerk gelei het deur die Gees deur die eeue nie.  Die kinderlike eenvoudige lees van die Skrif, ook hier by hierdie gedeelte, bring mens by die konklusie wat prof. Coetzee hierbo vermeld het.

**DR. VERGEER SKRYF VERDER:**

*"4. Die huidige Gereformeerde standpunt oor 1 Timoteus 2:12, soos verwoord in verskeie besluite van die Sinode, dat vroue wel mag regeer (deur te stem, diakens en lid van die kerkraad te wees), maar nie mag regeer deur te leer nie (deur ouderlinge of predikante te wees),* ***is in stryd*** *met wat die grammatika van die teks toelaat.*

*• Vers 12* ***stel baie duidelik*** *(ook in die Griekse grondteks) dat vroue nie mans mag leer of oor hulle mag regeer nie.*

*• Die Griekse (en Afrikaanse) taalkonstruksie wat hier gebruik word, laat glad nie toe dat net een van die sake wat hier genoem word, verbied word en dat die ander een dan wel toegelaat word nie. Baie duidelik, volgens die reëls van die grammatika, word al twee aktiwiteite, "leer" en "regeer", selfstandig en naas mekaar verbied.*

*• Dit is prakties ook onmoontlik vir 'n vrouevoorsitter van die diakonie om "te regeer" sonder om haar mede-diakens uit die Skrif "te leer".*

*5. Indien die voorskrifte in 1 Timoteus 2:9-3:1 wel as voorskrifte vir die erediens beskou word, is die selektiewe toepassing hiervan in die Gereformeerde kerkpraktyk nie versoenbaar met die standaard van gesonde Skrifuitleg nie.*

*• Slegs een voorskrif (vroue mag nie leer of regeer nie [2:11]) word verabsoluteer, deur sinodebesluite tot 'n wesenlike saak verklaar en selfs deur sommige as gronde vir uitbanning beskou.*

*• Die ander voorskrifte aan vroue wat Paulus in 1 Timoteus 2:9-3:1 noem, word feitlik geïgnoreer, en word nêrens in die Gereformeerde kerkpraktyk met dieselfde gewig as tugwaardige "sondes" hanteer nie."*

**OPMERKING 5:**

Ek stem saam met dr. Vergeer dat vroue ook nie as diakens mag dien volgens wat 1 Tim. 2 en 3 leer nie, asook die res van die Skrif, daar is noodsaakliker verdere reformasie wat daaroor moet plaasvind (sien hierdie artikel deur dr. George W. Knight, wat eers oop was vir diakonesse, hoe die Skrif hom oortuig het

van manlike diakens: Vroue diakens?[39]) Maar die 'selektiewe' appèl wat dr. Vergeer maak, blykbaar met die redenasie – as ons in een saak verkeerd is of dwaal, kan ons maar sommer ook in ander sake dwaal - is nie goeie gesonde verantwoordbare manier om om te gaan met die Skrif en die reformasie in die kerk van Christus nie. Laat ons bly by ons verantwoordbare gesonde bybelse begronding vanuit die Skrif oor waarom susters nie predikante en ouderlinge mag wees nie, terwyl ons dan aanhou reformeer (semper reformanda) oor ander besluite wat ook verder moet reformeer. En so geld dit vir baie ander sake van ons Kerkorde of besluite wat gemeentes nie altyd uitvoer of nakom nie, dit moet dan op die kerklike weg aangespreek word, daar moet nie geredeneer word, omdat sekere sake nie uitgevoer word nie, daarom kan alles maar toelaatbaar wees en postmodernisties geakkommodeer word nie.

Verder, ***contra*** dr. Vergeer se aanklag dat ons net sekere voorskrifte oor susters volg en ander nie, is die antwoord ook *eerstens*, wat in die vorige paragraaf vermeld is, kom ons reformeer oor sake wat hanteer moet word en nog oor susters en roeping van vrou wees aangespreek moet word (en ook oor ons mans wat verder moet bekeer en reformeer in alles!), terwyl ons hou by dit wat ons reeds reg besluit het en probeer doen.

*Tweedens*, vanselfsprekend soos dit deur die eeue deur gereformeerde verklaarders[40] aangetoon is uit die Skrif in hierdie teks 1 Tim. 2:9-3:1 in sy onmiddellike asook sy verdere openbaringshistoriese konteks, is dit duidelik wat die Skrif self openbaar oor al die 'voorskrifte' en hul verskillende aard. As ons nederig biddend die Skrif bestudeer (dus nie met ons eietydse agendas en vooropgestelde idees nie), dan leer ons duidelik watter voorskrifte in die Skrif *tydsgerig* is en dus nie vir alle tye bindend nie, maar watter op hul tyd gerig was maar ***tegelykertyd*** nie tydsgebonde was nie, m.a.w. in die woorde van dr. Vergeer self, daar is 'ewiggeldende ordereëls', vir die kerk vir alle tye en plekke tot die laaste dag.

En een so teksgedeelte is 1 Tim. 2:11-15, gegrond in die skeppingsorde (v. 13), en as waarskuwing dat daardie skeppingsorde nie omver gewerp moet word ook nou dat Christus gekom het, dus ook in die NT bedeling nie (v. 14). Vroue moet, deur die verlossende werk van Christus, in hul skeppingsordelike roeping en take bly as vroue oor die algemeen (v. 15), ongeag die sondeval en gevolge (v. 14), verhoed dit nie die vrou se verlossing en om haar roeping na te sterwe nie. Beide man en vrou word deur Christus alleen gered (Gal. 3:28; 1 Tim. 2:4), wat by hul skeppingsordelike roepinge en take bly, en waarvan die kerkregering ook moet getuig en God se skeppingsorde handhaaf (1 Tim. 3).

[39] https://proregno.com/2010/01/21/vroue-diakens/

[40] Sien die bronne hier onder aan die einde van die artikel, veral nommer 4.

So terloops, net een voorbeeld, die ‘kleredrag en versiering’ opdrag van v. 9-10 staan tog so duidelik in die konteks van die woorde wat duidelik nie teen versiering of klere opsigself is nie, maar dat die christelike geloof en karakter van die vrou in haar godsvrug en dade, haar ‘goeie werke’ gesien of geopenbaar sal word. Die woorde ‘*nie met vlegsels of goud of pêrels of kosbare klere nie’,* kan mos nie beteken dat die vrouens nie klere moet dra nie (sien 1 Petr. 3:3 wat dit nog duideliker stel), daarom word dit gekwalifiseer in die teks self, sien ook Spr. 31:30,31 wat die wesentlike betekenis hier wil uitwys. Deur Skrif met Skrif te vergelyk, sien ons hoe die Here sy bruid versier (Jes. 3:16-23; Eseg. 16:11-5), en die uiterlike beeld moet getuig van die hart wat aan Jesus behoort en dan goeie vrugte dra, die kleredrag moet ‘behoorlik’ wees, juis omdat dit getuig van ‘n suster, ‘n vrou wat aan die Here behoort, en die manne help om ‘heilig’ te wees, sien v. 8 (sien weer 1 Pet. 3:3).

**DR. VERGEER SKRYF LAASTENS**, WAAR HY MEEN DIE GKSA EN DIE KERK DEUR DIE EEUE SE VERKLARING VAN 1 TIM. 2:9-3:1 – VOLGENS HOM – VANDAAN KOM, AS HY SKRYF:
*“Sulke inkonsekwente Skrifverklaring en toepassing is onwetenskaplik, onaanvaarbaar en verdag. Die oorsprong hiervan rus nie in gedeë eksegese nie, maar lê dalk eerder in onbewuste* ***sosiopolitiese angst en/of in ingeteelde patriargie****. Hieroor moet ons onsself ondersoek.”*

**OPMERKING 6a:**
Hierin openbaar en gebruik dr. Vergeer die taal en ideologie van die feminisme as tydsgees wat ongelukkig nou ons kerke ook geïnfiltreer het.

"So, ons moet ons as kerke ook ondersoek dat alles wat dr. Vergeer hier geskryf het (in sy artikel), nie dalk die vrug is, onbewustelik dalk by baie, van onverantwoordbare ongesonde eksegese, dus nie die ‘Skrif alleen’ verantwoordbare eksegese nie, maar die feministiese ideologie van die 20/21ste eeu wat hier ‘n groot rol speel om by VIDA uit te kom."

Daaroor is ook al baie geskryf deur die eeue, en dat dit ten einde die feministiese ‘geslag maak nie saak nie’ slagspreuke en lewens- en wêreldbeskouing van ons 20/21ste eeu is, wat arme susters in die kerklike ampte wil inforseer, onvrede en wanorde bevorder, en wat ten einde lei daartoe, wat ons vandag in die gay en woke agendas kry, naamlik wat dan op hul beurt (verder) uitroep, ‘geslag maak ook nie saak nie’… as dit by huwelik kom, as dit gaan oor die geslagte, oor die skeppingsorde van man en vrou, oor is daar nog

iets soos die manlike en vroulike geslag, en maak hierdie skeppingsorde van God vir alles en orals werklik saak?

Wanneer gaan ons eksegese (vanuit ons eie kerke?) begin kry uit ons 'moderne' tye en teoloë wat deur daardie tydsgees gestuur en 'gedwing' word om te begin vra: dat net so min as wat 'man' en 'vrou' saak maak in 1 Tim. 2:11-15 of 1 Tim. 3:15, netso min maak dit saak in Gen. 1:26-28; 18-24 en Matt. 19:1-9, en, Ef. 5:21-34, ens. ens?[41]

As bv. 'man' niks meer beteken in Gen. 1 en 2, en Matt. 19 en Ef. 6 nie, beteken dit volwassenes kan maar met kinders ook trou, of is die besondere ampte ook oop vir kinders in 1 Tim. 3 waar 'geslag ook nie saak maak nie' of hoe… solank hulle net 'glo'?

**OPMERKING 6b: Wat Gal. 3:28 nog altyd beteken, ook vir ons en alle tye**

Die kerk van Christus het nog altyd bely, 'geslag maak nie saak' *as dit oor redding, verlossing in Christus gaan*, soos die konteks duidelik ook uitwys hier in 1 Tim. 2 en 3, naamlik veral 1 Tim. 2:4, alle soorte mense word gered, Jood en nie-Jood, man en vrou, ens., sien Gal. 3:28[42], maar dit verag en verwerp nie God se skeppingsorde en wet nie (1 Tim. 2:13,14; 1 Kor. 14;34-40), man en vrou is gelyk in waarde en wese (eer jou vader en jou moeder, reeds in die Ou Testament[43]), word gelyk deur die kosbare bloed van Christus gered, maar bly uniek en anders in hul onderskeie biologie, roepinge en take, soos God dit geskape en bepaal het, tot die laaste dag.[44]

**(SLOT)OPMERKING 7**: Mag die Here ons genadig wees, om verder te reformeer, afsonderlik en saam, dat misbruike van beide chauvinisme en feminisme deur die eeue, nie ons eksegese, prediking en kerklike agendas sal bepaal nie, maar die Here alleen, deur sy Gees en Woord. Mag manne en vroue van die Here almal saam en afsonderlik, in die 'amp van gelowige' en hulle wat tot die 'besondere ampte' geroep word, se fokus op die Here se eer wees, die verkondiging van sy evangelie orals, maar wel volgens sy goeie wil, soos geopenbaar word in die Skrif vir alle tye en plekke.

---

[41] As geslag nie meer saak maak nie – artikels: https://shorturl.at/fIQU8

[42] 'Beloftebos, die gay agenda en Gal. 3:28; VIDA en Gal. 3:28, sien: https://proregno.com/category/gal-328/

[43] Sien hierdie baie belangrike artikel oor: "Ons moet mooi onderskei tussen 'Die BYBEL' en 'Bybelse TYE': veral oor wat die Bybel leer van die waarde en rol van die vrou, sien: https://proregno.com/2023/07/17/ons-moet-onderskei-tussen-die-bybel-en-bybelse-tye-veral-oor-wat-die-bybel-leer-van-die-waarde-en-rol-van-die-vrou/

[44] Sien verder: Die vrou in God se Koninkryk – drie standpunte, https://proregno.com/2010/01/23/die-vrou-in-god-se-koninkryk-drie-standpunte/

Mag elkeen wat hier lees, in gebed deur die Gees sy Woord verder ondersoek (Hand. 17:11) en aanhou reformeer oor ons roeping en taak, alles tot eer van God en die diens in ons gemeentes, want die doel van die evangelie, verlossing en kerkwees, van alle 'ampte of dienste' sien ons juis daar in die Pastorale Briewe, in die volgende verse:

> "*Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het* ***om sondaars te red****, van wie ek die vernaamste is. Maar daarom is aan my barmhartigheid bewys, dat Jesus Christus in my as die vernaamste al sy lankmoedigheid sou betoon, om 'n voorbeeld te wees vir die wat in Hom sal glo tot die ewige lewe. Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God,* ***kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid****. Amen.*" (1 Tim 1:15–17)

________________________________________

VERDERE BRONNE OM TE BESTUDEER:

**1) Woodhouse lectures on 1 Timothy**

Prof. John W. Woodhouse (emeritus, Moore Theological College, Australia) het 'n paar jaar gelede deur 1Timoteus gepreek of lesings gehou, ek wil dit sterk aanbeveel vir enige gelowige en kerk wat nog worstel na soveel dekades oor hierdie onderwerp. Sy verklaring en toepassing, wat na alle kante in die debat sny in terme van beide die saak self en hoe ons dit voer, is baie leersaam en waardevol, ook vir ons tye. Hoor veral sy laaste samevattende leersinnige en pastorale opmerkings na die 1 Tim. 2:11-15 gedeelte wat hy in detail behandel het, vir goeie selfondersoek na beide kante van die debat. Hier is die begin van die reeks: https://www.youtube.com/playlist?list=PLQ20r982e5fCZt-yBmYSD8-5GEGmauobJ

2) Sien die volgende artikels van proffs. Floor en GW Knight:

'n Eervolle plek vir die vrou in die Kerk van Christus: https://wp.me/aM9VW-3jb

Die rol van vroue in die kerk: https://proregno.com/2011/12/06/die-rol-van-vroue-in-die-kerk/

Vroue diakens?: https://proregno.com/2010/01/21/vroue-diakens/

3) VIDA verwante artikels op Pro Regno hier beskikbaar: https://proregno.com/category/vida/

4) Kommentare om te raadpleeg op 1 Timoteus: Calvyn, W. Hendriksen, H. Ridderbos, WD Mounce, GW Knight jnr, ens.: https://www.ligonier.org/learn/articles/top-5-commentaries-pastoral-epistles

5) Belangrike artikels en bronne oor gereformeerde openbaringshistoriese Skrifverklaring, veral vanuit die GKSA: https://proregno.com/2023/07/31/bybels-gereformeerde-beginsels-en-metodes-van-skrifverklaring-en-toepassing/